

PERSVRYSTELLING

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

19 October 2015

Graan SA vier Suid-Afrika se suksesvolle graanprodusente met die aankondiging van die 2015 Graanprodusent van die Jaar

Graan SA het tydens 'n gesogte gala-geleentheid op Vrydag, 16 Oktober 2015 by die Theatre on the Track in Midrand, die suksesse van sy graanprodusente gevier. Hierdie jaar se geleentheid was die 16de jaar van die gala-toekennings, sedert die destydse Mielieman van die Jaar in 2000 met hierdie toekenning vervang is. Die geleentheid is bygewoon deur lede van die Parlement, verteenwoordigers van die verskillende landbou-trusts, georganiseerde landbou en die regering sowel as akademici, mede-industrieleiers en eregaste - graanprodusente van regoor die land.

Die geleentheid, wat saamgeval het met "World Food Day", het aan Graan SA die geleentheid gebied om erkenning te gee aan graanprodusente wat die basis vorm van voedselsekerheid in Suid-Afrika. Daarbenewens dien die finaliste as uitstekende rolmodelle vir die jonger generasie van produsente, terwyl hulle ook die beeld van die graanprodusent versterk. Die beoordelaars was met 'n moeilike taak gekonfronteer, aangesien al finaliste uitsonderlike produsente met uiteenlopende bestuurstyle is. Hierdie toekennings gee erkenning aan suksesvolle graanprodusente wat met passie en toewyding hul ondernemings sodanig bedryf, dat dit 'n voorbeeld stel en as inspirasie dien vir ander produsente.

Genade Boerdery was die ontvangers van die **2015 Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar** toekenning. Hulle is van die Douglas-distrik in die Noord-Kaap. Op die oewer van die Oranjerievier, bestuur Vickie Bruwer en sy seuns, Gerhard, Hannes en Klein Vickie 'n groeinde, modern en hoogs gediversifiseerde boerdery. Die Bruwers verbou hoofsaaklik mielies, koring, lusern en katoen, asook grondbone, saadsonneblom en aartappels op hoë opbrengs potensiaal-lande en streef deurentyd daarna om die balans tussen die grond, gewasse en natuur te handhaaf en doeltreffend te bestuur. Mielies en koring word twee keer 'n jaar ge-oes en 'n basiese, maar 'n buigsame wisselboustelsel word gevolg en aandag word aan produkpryse sowel as volhoubaarheid geskenk. Diversifikasie speel 'n belangrike rol in ekonomiese volhoubaarheid sowel as risiko bestuur in hierdie suksesvolle boerdery. Die ander finaliste in hierdie kategorie was Henk Michau van Modimolle and Niel Neethling van Potteberg.

Die **2015 Graan SA/ABSA/John Deere Financial Nuwe Era Komersiële Boer van die Jaar** toegekeming het gegaan aan Salomo Masango van Carolina in Mpumalanga. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kompetisie, het Masango 'n John Deere 5403 MFWD trekker gewen wat geborg is deur John Deere Financial in vennootskap met ABSA. Vanaf Masango se toetreding tot die Graan SA landbouontwikkelingsprogram in 2012 en die Carolina-studiegroep in 2014, het sy gemiddelde opbrengs op mielies van 3.5 ton/ha tot 6 ton/ha

Sponsored by:



syngenta

ABSA
Member of
BARCLAYS

JOHN DEERE
FINANCIAL

verhoog. Verheug oor sy toekenning, het Masango die Here en sy vrou bedank vir die ondersteuning en aanmoediging. "Al die ander werke wat ek gedoen het voordat ek begin boer het, was net die begin van my loopbaan, maar waar ek nou is, daar lê my passie," het Masango gesê. Die ander finaliste in die kategorie was Vuyani en Lungelwa Kama van Maclear en Maseli Letuka van Kestell.

Die ontvanger van die **2015 Graan SA/Syngenta Kleinskaalse Boer van die Jaar** toekenning is Daliwonga Nombewu van Mthatha. Na 'n loopbaan as 'n taxi-bestuurder, het Nombewu 'n belangstelling in boerdery ontwikkel en by 'n Graan SA studiegroep aangesluit waar hy ook verskeie kursusse bygewoon het. Nomwebu het 13ha mielies aangeplant en verwag 'n gemiddelde opbrengs van 4.5 ton/ha. Die ander finaliste in die kategorie was Salphanius Motswenyane van Lichtenburg en Lawrence Mtsweni van Nigel.

Die **2015 Graan SA/ABSA Bestaansboere Boer van die Jaar** toekenning het gegaan aan Ngubengcuka Christian Moyo van Maclear. Nadat hy besef het dat hy 'n lewe uit boerdery kan maak, het Moyo sy werk by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye bedank en sy boerdery in 2008 op kommunale grond begin. Ngubengcuka het 2.5ha mielies op droëland geplant en het geenbewerkingspraktyke vanaf die 2013/2014 plantseisoen begin toepas. Hy plant slegs met die hand, aangesien hy glo dat trekkerimemente sy lande verniel. Die ander finaliste in hierdie kategorie was Jabulani Abednego Mbele van Winterton en Musawenkosi David Ntombela van Bergville.

Bykomend tot hierdie toekennings, het Graan SA ook die geleentheid gebruik om Dr Julian Jaftha te vereer met 'n Inspirasie-toekenning, ter waardering van sy voortdurende bydraes tot die graanbedryf, sy prestasie om buitengewone resultate te bereik en sy verbintenis om die graanbedryf te inspireer tot deursigtigheid, kompeterende praktyke en uitnemendheid. Dr Jaftha, hoofdirekteur: Plantproduksie en Gesondheid in die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het Graan SA gehelp met verskeie kwessies rakende produksie, insette en regulerende aspekte, soos die hersiening van die voerteling koringplatform, sowel as die versekering van onveranderde boerevoordekte in die Wet op Planttellersregte. "Wanneer ons met Julian saamwerk, word daar nie na Graan SA en DAFF verwys nie, maar eerder na "ons", as vennote in die graan- en oliesade industrie" het Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA gesê.

Einde

Uitgerek deur:

Graan SA Kommunikasie
19 Oktober 2015

Verdere navrae:

Alzena Gomes, Skakelbeampte, Graan SA
086 004 7246 | alzena.gomes@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za

Sponsored by:



syngenta

ABSA
Member of
BARCLAYS

JOHN DEERE
FINANCIAL